

Geloofsbelydenisse

NG; A.P; AGS; en al die susters kerke

- 1) Julle glo aan 'n Drie – enige God [M.a.w. een Wese]
- 2) Dat Jesus Christus die Here is [M.a.w. Oud en Nuwe Testament]
- 3) Dat Jesus die Middelaar en die redder is [M.a.w. Tussenganger]
- 4) Dat die Bybel die onfeilbare Woord van God is
- 5) Dat God Homself as Vader, Seun en Heilige Gees uitwys in die Bybel.
- 6) Julle aanvaar die Apostoliese Geloofsbelydenis, die Geloofsbelydenis van Nicea en die Geloofsbelydenis van Athanasius.
- 7) Julle Belydenisskrifte is die Nederlandse Geloofsbelydenis, die Heidelbergse Kategismus en die Dordtse Leerreëls
- 8) Julle verklaar dat julle teen humanisme is
- 9) Julle sê ook dat daar 'n eenheid in gelowe moet kom
- 10) Julle verklaar dat julle nie net binne jul eie kultuur wil werksaam wees nie, maar om al die volke dissipels te maak
- 11) Julle embleem is 'n wit duif wat afduik of daal tussen Alfa en Omega wat in die duisternis of swart is, met die woorde om die swart aan die onderkant: **LIG IN DUISTERNIS.**

APOSTOLIESE GELOOFSBELYDENIS

Ek glo in God die Vader, die Almagtige, die Skepper van die hemel en die aarde. En in Jesus Christus, sy eniggebore Seun, ons Here; wat ontvang is van die Heilige Gees, gebore is uit die maagd Maria; wat gely het onder Pontius Pilatus, gekruisig is, gesterf het en begrawe is en ter helle neergedaal het; wat op die derde dag weer opgestaan het uit die dode; wat opgevaar het na die hemel en sit aan die regterhand van God, die almagtige Vader, van waar Hy sal kom om te oordeel die wat nog lewe en die wat reeds gesterf het. Ek glo in die Heilige Gees. Ek glo aan 'n heilige, algemene Christelike kerk, die gemeenskap van die heiliges; die vergewing van sondes; die opstanding van die vlees en 'n ewige lewe.

Die verkeerdheid van julle geloofsbelydenis

- 1) *Die Skepper van die hemel en die aarde was YHUUH die Seun van VADER.*
- 2) *Jesus Christus het eers sy ontstaan gekry met Keiser Konstantyn 330 jaar na YAHUSHA dié Gesalfde.[die naam Jesus eers in die 1500]*
- 3) *Here = Lord wat beteken Baal.*
- 4) *Die Heilige Gees het nie vir YAHUSHA gestuur nie, maar wel dié VADER.[Heilige Gees moet Afgesonderde Gees wees = YAHUSHA]*
- 5) *YAHUSHA is nie gekruisig nie, maar wel gefolter aan 'n enkel regopstaande paal.*
- 6) *YAHUSHA het nie na die hel gedaal nie, maar wel na die doderyk.*

- 7) *Daar is nie 'n Heilige Gees nie, maar wel die Rein Gees van VADER wat binne in my is.*
- 8) *Nêrens in die Skrif staan "kerk of Christelikheid" nie, of dat jy daarin moet glo nie.*
- 9) *Jy kan en mag nie vergewing van Wetsoortredings doen nie, mits die oortreder daarvoor vra nie. M.a.w. as iemand jou kwaad aangedoen het en hy vra vir vergiffenis dan moet ek hom vergewe al is dit 70 x 7 keer, maar as hy my nie vra nie kan ek hom nie vergewe nie; Jy is nie YHUUH !*
- 10) *Ek glo nie aan die vleeslike opstanding nie, maar wel aan 'n glansryke en 'n lofwaardigheid liggaam.*
- 11) *Nêrens in die Skrif staan dat daar 'n geloofsbelydenis moet wees nie.*
- 12) *Die Skrifte is nie gebonde aan 'n geloof of dat dit 'n geloof boek is nie.*

Bewyse uit die Skrif oor VADER en SEUN

Mark. 1:1 Die begin van die evangelie van YAHUSHA dié Gesalfde, die SEUN van VADER. **Jes. 9:5** Want 'n KIND is vir ons gebore, 'n SEUN is aan ons gegee; en die heerskappy is op SY skouer, en HY word genoem: Wonderbaar, Raadsman, Sterke Skepper, Ewige Vader, Vredevoers—**Dan. 2:44** Maar in die dae van dié konings sal ons SKEPPER van die hemel 'n koninkryk verwek wat in ewigheid nie vernietig sal word nie, en die heerskappy daarvan sal aan geen ander volk oorgelaat word nie; dit sal al daardie koninkryke verbrysel en daar 'n einde aan maak, maar self sal dit vir ewig bestaan— **Dan. 7:13** Ek het gesien in die naggestigte, en kyk, met die wolke van die hemel het EEN gekom soos die SEUN van 'n mens, en HY het gekom tot by die OUE van dae, en hulle het HOM nader gebring voor HOM. **Dan. 7:14** En aan HOM is gegee heerskappy en eer en koningskap; en al die volke en nasies en tale het HOM vereer; SY heerskappy is 'n ewige heerskappy wat nie sal vergaan nie, en SY Koninkryk een wat nie vernietig sal word nie. **Hand. 1:6** Die wat bymekaargekom het, vra HOM toe en sê: MEESTER, gaan U in hierdie tyd die koninkryk vir Israel weer oprig? **Hand 1:7** En HY antwoord hulle: Dit kom julle nie toe om die tye of geleenthede te weet wat die VADER deur SY eie mag bepaal het nie; **Open. 22:3** En daar sal geen enkele vervloeking meer wees nie, en die troon van VADER en van die LAM sal daarin wees, en SY diensknegte sal HOM dien. **Mark. 14:61** Maar HY het stilgebly en geen antwoord gegee nie. Weer stel die hoëpriester HOM die vraag en sê vir HOM: Is U die GESALFDE, die SEUN van die geseënde VADER? **Mark. 14:62** En YAHUSHA sê: EK is. En u almal sal die SEUN van die mens aan die regterhand van die krag van VADER sien sit en kom met die wolke van die hemel.

Joh. 5:18 Hieroor het die Jode toe nog meer probeer om HOM dood te maak, omdat HY nie alleen die sabbat gebreek het nie, maar ook VADER SY eie VADER genoem het en HOM met VADER gelykgestel het.

Joh. 10:36 sê julle vir HOM wat die VADER gereinig en in die wêreld gestuur het: U spreek godslasterlik—omdat EK gesê het: EK is die SEUN van VADER? **Hand. 3:13** Die VADER van Abraham en Isak en Jakob, die VADER van ons vaders, het SY KIND YAHUSHA geloof, HOM wat julle oorgelewer en voor Pilatus verloën het toe HY besluit het om HOM los te laat. **1 Joh. 5:20** En ons weet dat die SEUN van VADER gekom het en ons verstand gegee het om die Waaragtige te ken; en ons is in die Waaragtige, in SY SEUN, YAHUSHA dié Gesalfde. Hy is die waaragtige SKEPPER en die ewige lewe. **1 Joh. 4:14** En ons het aanskou en ons getuig dat die VADER die SEUN as Losser van die wêreld gestuur het. **1 Joh. 4:15** Elkeen wat bely dat YAHUSHA dié SEUN van VADER is— VADER bly in hom, en hy in VADER. **2 Joh. 1:3** guns, barmhartigheid, vrede sal met julle wees van VADER dié VADER en van die MEESTER YAHUSHA dié Gesalfde, die SEUN van die VADER, in waarheid en liefde. **Luk. 1:32** HY sal groot wees en die SEUN van die Allerhoogste genoem word; en VADER dié SKEPPER sal aan HOM die troon van SY vader Dawid gee, **Joh. 18:37** Pilatus sê toe vir Hom: Is U dan tog 'n KONING? YAHUSHA antwoord: U sê dat EK 'n koning is. Hiervoor is EK gebore en hiervoor het EK in die wêreld gekom, om vir die waarheid te getuig. Elkeen wat uit die waarheid is, luister na MY stem. **Open. 1:5** en van YAHUSHA dié Gesalfde, die getroue getuie, die Eersgeborene uit die dode en die OWERSTE oor die konings van die aarde! Aan HOM wat ons liefgehad het en ons van ons van wetsoortredinge gewas het in SY bloed **Open. 1:6** en ons gemaak het konings en priesters vir sy VADER en VADER, aan HOM die Lofwaardigheid en die krag tot in alle ewigheid! Amein. **Matt.21:33-46; Joh. 15:1-8.**

DIE NEDERLANDSE GELOFSBELYDENIS

Die regsinnige Christelike belydenis van die Nederlandse kerke wat die hoofinhoud van die leer in verband met God en die ewige saligheid van siele insluit. (In 'n tyd van groot vervolging van Protestantse Kerke is hierdie Belydenis skrif deur Guido de Bres opgestel. Dit was in die jaar 1561 in die Suidelike Nederlande (vandag België). Verskeie Sinodes in die 16 de eeu asook die Nasionale Sinode van Dordrecht (1618-1619) het dit as een van die Belydenisskrifte van die Gereformeerde Kerke aanvaar.)

Artikel 1: Die Enige God

Nee daar is 'n VADER en SEUN waarvan VADER se GEES in YHUH dié SEUN is. [YAHUSHA die draer van VADER se GEES]

Artikel 2: Die Middele Waardeur Ons God Ken

Antwoord is onderaan die Geloofsbelydenis van Necéa

Artikel 3: Die Geskrewe Woord Van God

Nee, want satan is daarin verteenwoordig en so ook sy saad en waarvan satans werkers se hand ook daarin skryf.

Artikel 4: Die Kanonieke Boeke Van Die Heilige Skrif

Artikel 5: Die Gesag Van Die Heilige Skrif

Geen gesag in die Skrifte nie, maar wel in YHUH – SHA. HY is ons GESAG.

Artikel 6: Onderskeid Tussen Die Kanonieke En Apokriewe Boeke

Waarom moet daar onderskeiding wees? Om die mens te verwar!

Artikel 7: Die Volkomenheid Van Die Heilige Skrif

Hoe kan die Skrif volkome wees as daar 55 verskillende Engelse weergawes is, uitgesluit ander tale? !! 39 duisend verskillende gelowe oor die aarde waarvan daar 2000 verskillende kerke in Suid Afrika is wat dieselfde Skrif lees.

Artikel 8: God Is Een In Wese En Onderskeie In Drie Persone

M.a.w. julle glo soos die wat in Janus glo. Een liggaam en twee koppe. Elke kop dink en oordeel vir homself. Dit is onskriftuurlik en verkeerd.

Artikel 9: Skrif getuienis Oor Die Leer Van Die Drie-eenheid

Daar moet dus 'n ander interpretasie wees, want die Skrif [1933 /53] wat ek het bewys van voor tot agter [duisend of meer verse] dat daar net TWEE is!

Artikel 10: Die Godheid Van Jesus Christus

Dit hang af hoe hulle die Godheid sien, want YAHUSHA is YHUH die Skepper die SEUN van VADER.

Artikel 11: Die Godheid Van Die Heilige Gees

Daar bestaan nie 'n Godheid van die Heilige Gees in die Skrifte nie. As dit so was het ons VADER oor die hoof gesien en onmiddellik skeep julle 'n derde persoonlikheid wat nie bestaan nie.

Artikel 12: Die Skepping Van Alle Dinge, Veral Van Die Engele

Dit hang af van watter alle dinge julle van praat, want ons het 'n VADER SKEPPER en 'n SEUN SKEPPER.

Artikel 13: Die Voorsienigheid Van God
Waarvan dit VADER moet wees in en deur SY SEUN.

Artikel 14: Die Skepping Van Die Mens, Die Sondeval En Die Gevolge Daarvan

Artikel 15: Die Erfsonde
Daar bestaan nie Erfsonde nie, maar wel gevolge deur die straf van daardie oortreding.

Artikel 16: Die Ewige Verkiesing Van God
Ja die Verkiesing van SY uitverkore; Abraham, Isak en Jakob [die 12 seuns of die 12 stamme] nie alle volke, stamme en tale nie. Net die rassuiwer Adamiet in daardie bloed. Nêrens in die Skrif sal jy 'n geestelike bloedlyn kry nie, maar wel die teenoorgestelde.

Artikel 17: Die Verlosser Deur God Beloof
Ons is Los gekoop deur YAHUSHA dié GESALFDE nie Verlos deur julle sieninge nie. Ons is eenkant geplaas of afgesonder vir YHUH as erfdeel vir HOM deur VADER

Artikel 18: Die Menswording Van Jesus Christus
Vir 'n klein tydjie was HY minder as die engele, maar nou is HY Groot, want HY sit langsaan VADER se regterhand.

Artikel 19: Die Twee Nature Van Christus
Daar is nie twee Nature nie, want daar is geen verandering in HOM nie. Daar is slegs 'n VADER en 'n SEUN, waarvan die SEUN gesê het: "MY broers" Wat beteken dat ons met HOM vereenselwig word wat voor VADER staan. Ons kan mos nie sê dat ons 'n broer van VADER is nie!!

Artikel 20: God Se Regverdigheid En Barmhartigheid In Christus
Julle noem God in Christus om die mens te verwar, wat wel VADER in YAHUSHA en ons in HULLE en HULLE in ons.

Artikel 21: Die Versoening Deur Christus
As Versoening moet plaasvind moet daar tog 'n volgende persoon wees M.a.w. Ons tot VADER waarvan YAHUSHA die tussenganger of versoening moet wees.

Artikel 22: Ons Regverdiging Deur Die Geloof
Ons as mens het geen Regverdiging deur wat ook al nie. Daar bestaan nie so iets in die Skrifte nie. Slegs deur die Guns van VADER in SY SEUN YAHUSHA . So YAHUSHA is ons Regverdiging!

Artikel 23: Ons Geregtigheid Voor God

Ons as mens het geen Geregtigheid nie, maar wel 'n GEREGSDIENAAR en dit is YAHUSHA

Artikel 24: Ons Heiligmaking En Goeie Werke

Daar bestaan geen werke om jou regverdig voor VADER te maak nie. YAHUSHA stel dit duidelik Matt.19:17

Artikel 25: Die Seremoniële Wet In Christus Vervul

Dit hang af wat julle onder Seremoniële Wet sorteer, want die feeste bestaan nog steeds; net die offer is vervul deur YAHUSHA.

Artikel 26: Christus Ons Voorspraak

As Christus ons Voorspraak is by VADER dan erken julle mos dat daar 'n VADER en 'n SEUN is.

Artikel 27: Die Algemene Christelike Kerk

Julle veralgemeen kerke, m.a.w. alle kerke is dieselfde, want julle doen wat die moeder [Rooms-Katoliek] sê. YHUH sê wees apart en sonder jou af weg van ander gelowe en wat ook al. Die Pous sê soos julle, almal is welkom. YAHUSHA het gesê: "Ek het die swaard gebring"

Artikel 28: Elkeen Is Verplig Om By Die Ware Kerk Aan Te Sluit

Geen verpligting het YAHUSHA op die mens geplaas nie, waar lees julle dit en waar kry julle die outoriteit uit die Skrifte om verpligtinge te plaas. Is dit omrede satan gesê het: "Alles is myne"

Artikel 29: Die Kenmerke Van Die Ware En Die Valse Kerk

Toets en ondersoek die profeet nie 'n kerk nie, is julle daarop uit om die volk te verdeel ? [verwar] Waar in die Skrif lees julle kerk ? Kerke verdeel soos reeds uitgewys. {38 000 verskillende gelowe uit een Boek}

Artikel 30: Die Regering Van Die Kerk

Ja julle wil regeer, waarvan satan vir YAHUSHA gesê het : Alles behoort aan my, en daarom staan die wêreld onder daardie regering van satan. Geen reg het die "kerk" ontvang uit die Skrifte dat hulle "Die Regering" is nie mits hulle, hulle sorteer onder satans mag!

Artikel 31: Die Ampsdraers Van Die Kerk

YAHUSHA was gelyk aan SY broers op aarde, watse mag wil julle dan hê wat YAHUSHA oor die hoof wil sien? satan het homself wel bo almal gestel !

Artikel 32: Die Orde En Tug Van Die Kerk

Orde het VADER daar gestel en SY SEUN het dit uitgevoer. YAHUSHA het gesê: "Aan MY is alle mag gegee" tog het HY niemand geoordeel of getug nie, maar dit is wel op pad.

Artikel 33: Die Sakramente

Waar in die Skrifte staan dit dat enige Sakramente aan die kerk of 'n sodanige ampsdraer behoort? Dit behoort aan die uitverkore heerser van 'n gesin.

Artikel 34: Die Heilige Doop

Hoekom wil julle doop; om die volk te kan tel of om 'n 10 de inkomste te kan bewerk. Johannes het gedoop met geen voordeel vir hom nie, maar vir die VADER. Daar is 'n verborgenheid in die doop. Die doop is slegs die afwassing en skoonmaak proses. Wat daarna moet gebeur is baie belangrik en dit is die geboorte van Bo wat die GEES van VADER aanbetref.

Artikel 35: Die Heilige Nagmaal

Hoekom het julle Pasga verander na Nagmaal en Avondmaal. Dit moet 'n Verbond maal wees. Hoekom het julle Pasga altyd op 'n Sondag,? is dit omrede julle die son wil eer in plaas van die SEUN.! Hoekom het die kalender verander? Hoekom is ons nou al reeds in 2015 i.p.v. 1997.!

Artikel 36: Die Burgerlike Owerheid

Artikel 37: Die Laaste Oordeel, Die Opstanding En Die Ewige Lewe

Artikel 1

DIE ENIGE GOD

Ons glo almal met die hart en bely met die mond dat daar 'n enige en enkelvoudige geestelike Wese is wat ons God noem. Hy is ewig, onbegryplik, onsienlik, onveranderlik, oneindig, almagtig, volkome wys, regverdig, goed en die aller oorfloedigste fontein van alles wat goed is.

*Joh. 4:24; God [VADER] is Gees; en die wat HOM aanbid, moet in gees en waarheid aanbid. YAHUSHA sê: **Niemand kom tot die VADER behalwe deur MY nie. M.a.w. YAHUSHA wat besig was om te spreek praat van SY VADER, wat nie 'n liggaam soos HY ontvang het nie, [VADER het nie gekom as LOSSER nie] maar wel bestaan in die realm waar die onsienlike engele kan sien waar VADER teenwoordig is. Daarom gaan ons deur ons "BROER" YAHUSHA na VADER om HOM lof te gee. Jes. 40:14. Met wie het Hy raad gehou, dat dié Hom verstand sou gee en Hom sou leer aangaande die pad van die reg, en Hom kennis sou leer en Hom bekend maak die weg van volledige insig?***

YHUH as MAN oor SY vrou is soos man en vrou op aarde. YHUH as Vader oor SY volk gaan nie voorgeskrywe word. YHUH as BROER sal veg vir dit wat HYSELF daar gestel het. YHUH as LOSSER kon slegs los as HY in daardie bloedlyn was. YHUH as SKEPPER kan maak net wat HY wil met SY skepping. YHUH as SEUN van dié VADER het ontvang en daarom het HY volle reg op ons om te doen soos HY voel.

Artikel 2

DIE MIDDELE WAARDEUR ONS GOD KEN

Ons ken Hom deur twee middele:

Ten eerste deur middel van die skepping, onderhouding en regering van die hele wêreld. Dit is

DORTSE LEERREËLS

Die beslissing van die Nasionale Sinode van die Gereformeerde Kerke van die Verenigde Nederlande, wat in die jare 1618 en 1619 in Dordrecht gehou is oor die bekende vyf leerstellings waaroor in die Gereformeerde Kerke van hierdie Verenigde Nederlande verskil ontstaan het.

Hoofstuk 1: Goddelike uitverkiesing en verwerping

Verwerping van die dwalings waardeur die Nederlandse Kerke 'n tyd lank in beroering gebring is.

Die regsinnige leer van die uitverkiesing en verwerping

GODDELIKE UITVERKIESING EN VERWERPING

1. Alle mense het in Adam gesondig en hulle skuldig gemaak aan die vloek en die ewige dood.

Dit is die regsinnige leer van die uitverkiesing en verwerping wat teen die liberale is wat kerke stig en bou. Dit is liberale wat almal welkom heet.

“Deur Adam 'n Wet oortree”; ons kan nie daarvoor boet nie; Dit staan nie in die Skrifte nie. Daar staan nie dat ons in Adam oortreders is nie! Daar staan deur Adam het die dood ontstaan. Ons staan nie onder Adam se wette nie, maar wel onder YAHUSHA en doen die 10 Gebooe. YHUH sê in Jer.31:29,30 dat die vaders vir jul eie oortredinge sal sterwe en nie hul kinders nie. Weens oortredinge van die vaders ly die kinders of kry hulle swaar daardeur, maar dit sê nie dat hulle nou ook veroordeel gaan word weens die voorvaderlike oortredinge nie.

DIE GELOFSBELYDENIS VAN ATHANASIUS

(Die belydenis is nie deur Athanasius opgestel nie. Dit stam waarskynlik omstreeks 500 uit Spanje of Suid-Frankryk. Vir sover bekend is dit in die 13 de eeu met die ander twee ekumeniese belydenisskrifte gelykgestel. Dit word ook die "Symbolum Quicumque - na die eerste woorde - genoem.)

Daar bestaan nie " 'n algemene geloof" in die Skrifte wat julle aan vas hou nie. Inteendeel behoort die ganse Skrif aan Israel wat aan geen geloof gekoppel is nie. Dit is nie 'n geloof boek nie, maar 'n Geskiedenis boek. Die belydenis van Athanasius is so dubbelsinnig geskryf dat jy net moet glo. Soos hy sê: " sonder om die persone te vermeng of die wese te deel. In stelling 8 sê hy : "die Seun is ongeskape" tog weet ons HY is geskape. Kort, kort sê hy dat die Heilige Gees 'n persoonlikheid is of 'n derde beeld van VADER is; tog sê hy in stelling 23 dat die Gees uit VADER en SEUN gaan. Sodra jy sê dat die SEUN wel die VADER is; dan het die VADER die volk in die ou Testament getrou en geskei en in die nuwe Testament gaan SY Seun weer met die volk trou wat inderwaarheid SY VADER se vrou was en SY moeder. In stelling 21 sê Athanasius mos dat daar eintlik twee is! In stelling 30 sê hy dat VADER tegelyk VADER én SEUN is, dan wonder 'n mens oor die baie verse soos, Waar en wanneer het die VADER die Seun voortgebring? Wie is die onbekende VADER? Wat is die VADER se Naam? Want in 1 Joh. 1:2 en verder: en die lewe is geopenbaar, en ons het dit gesien, en ons getuig en verkondig aan julle die ewige lewe wat by die VADER was en aan ons geopenbaar is—(M.a.w. YHUH wat by die VADER was, is aan ons geopenbaar)

1 Joh.1:3 en wat ons gesien en gehoor het, verkondig ons aan julle, sodat julle ook gemeenskap met ons kan hê; en ons gemeenskap is met die VADER en met Sy Seun, YAHUSHA dié Gesalfde. 1:7... as ons in die lig (VADER) wandel soos Hy in die lig is, dan het ons gemeenskap met mekaar; en die bloed van YAHUSHA dié Gesalfde, Sy Seun, reinig ons van alle Wetsoortredinge . 2:22 Wie is die leuenaar, behalwe hy wat ontken dat YAHUSHA die Gesalfde is? (M.a.w. nie net die Rooms-Katolieke of sekere instansies of kultusse nie, maar dié tussen ons wat nie die Seun erken nie! Die wat sê dat die Seun wel die VADER in vlees is. Die wat sê VADER is Gees en Hy het 'n vleeslike liggaam kom ontvang het. M.a.w hulle sê die Seun is die VADER in die vlees. Hulle is die Anti Messiah; Anti Seun van VADER. Anti wat beteken: In die plek van. M.a.w In die plek van die Seun is die VADER. Dit is die Anti Messiah wat die VADER en die Seun loën.) 3:8 Hy wat die Wetsoortreding doen, is uit die duiwel, want die duiwel sondig van die begin af. Vir hierdie doel het die Seun van VADER verskyn, om die werke van die duiwel te verbreek.

3:9 Elkeen wat uit VADER gebore is, doen geen Wetsoortreding nie, omdat Sy saad in hom bly; en hy kan nie sondig nie, want hy is uit VADER gebore.
 3:23 En dit is Sy gebod, dat ons in die Naam van Sy Seun, YAHUSHA dié Gesalfde, moet glo en mekaar liefhê soos Hy ons 'n gebod gegee het. 3:24 En hy wat Sy geboorte bewaar, bly in Hom, en Hy in hom. En hieraan weet ons dat Hy in ons bly aan die Gees wat Hy ons gegee het. 4:2 Hieraan ken julle die Gees van VADER: elke gees wat bely dat YAHUSHA dié Gesalfde in die vlees gekom het, is uit VADER; 4:3 en elke gees wat nie bely dat YAHUSHA dié Gesalfde in die vlees gekom het nie, is nie uit VADER nie; en dit is die gees van die Anti Messiahs waarvan julle gehoor het dat hy kom, en hy is nou al in die wêreld. (M.a.w. binne-in ons, wat die Seun en VADER erken, is dié Gees van VADER. YHUH het dié Gees ontvang van VADER en in Adam geblaas en daarvandaan het VADER se Gees voortaan gegaan, in die geslagte wat volg. Nou, net hulle kan die Seun en VADER onderskei) 4:4 Julle is uit VADER, My kinders, en het hulle oorwin, omdat Hy wat in julle is, groter is as hy wat in die wêreld is. 4:8 Hy wat nie liefhet nie, het VADER nie geken nie, want VADER is liefde. 4:9 Hierin is die liefde van VADER tot ons geopenbaar, dat VADER Sy eniggebore Seun in die wêreld gestuur het, sodat ons deur Hom kan lewe. (VADER sê dat YAHUSHA Sy eersgebore is; maar in Ex. 4:22 staan dat ons as Israëliete ook die eersgebore seun is! M.a.w. VADER se Seun is Sy eersgeborene en Israel is YHUH YAHUSHA se eersgeborene!!) 4:10 Hierin is die liefde: nie dat ons VADER liefgehad het nie, maar dat Hy ons liefgehad het en Sy Seun gestuur het as 'n versoening vir ons Wetsoortredings. 4:14 En ons het aanskou en ons getuig dat die Vader die Seun as Losser van die wêreld gestuur het.

Ex. 4:15 Elkeen wat bely dat YAHUSHA die Seun van VADER is—VADER bly in hom, en hy in VADER 5:1 Elkeen wat glo dat YAHUSHA die Gesalfde is, is uit VADER gebore; en elkeen wat die VADER liefhet, het ook die een lief wat uit Hom gebore is. (Israel, as eersgeborene van YHUH, moet weer gebore word "doop" as VADER sin.) 5:5 Wie anders is dit wat die wêreld oorwin as hy wat glo dat YAHUSHA die Seun van VADER is ? 5:10 Wie in die Seun van VADER glo, het die getuienis in homself. Hy wat VADER nie glo nie, het Hom tot leuenaar gemaak, omdat hy die getuienis nie geglo het wat VADER aangaande Sy Seun getuig het nie. 5:11 En dit is die getuienis: dat VADER ons die ewige lewe gegee het, en dié lewe is in Sy Seun. 5:12 Hy wat die Seun het, het die lewe; wie die Seun van VADER nie het nie, het nie die lewe nie.

5:13 *Dit het ek geskrywe aan julle wat glo in die Naam van die Seun van VADER, sodat julle kan weet dat julle die ewige lewe het en kan glo in die Naam van die Seun van VADER.*

Ex.5:20 En ons weet dat die Seun van VADER gekom het en ons verstand gegee het om die Waaragtige te ken; en ons is in die Waaragtige, in Sy Seun, YAHUSHA dié Gesalfde. Hy is die waaragtige Vader en die ewige lewe.

Net 'n paar ander verwysings. Gen.1:26, Ps.2:7 Ek wil vertel van die besluit: VADER het aan My gesê: U (YAHUSHA) is My Seun, vandag het Ek self U gegeneer. In die Engelse Skrifte staan: Begotten= H3205 יָלַד Yalad BDB Definition: 1 to bear, bring forth, beget, gender, travail (1a1) to bear, bring forth (1a1a) of child birth.

Hand. 7:55,56; Matt.3; 16:27; 17:5 ; 27:46; 2 Pet.1; Joh. 12:28 – 30; Ps.22:1; Open. 11:15; ens

Nou vra ek die kerke, wys my waar in die Skrifte het Athanasius die stelling 43 gekry, nl.: "En die wat goed gedoen het, sal die ewige lewe ingaan," Ons kan mos nou na al die wanbegrippe en verwarring van die man aanneem dat hy bedoel wat YAHUSHA gesê het nl.: "Liefde tot VADER en Liefde tot jou naaste" "Doen die Gebooie" YAHUSHA sê: wie in MY glo doen goed, want dan glo hulle in VADER Joh.12:24

DIE GELOFSBELYDENIS VAN NICÉA

Hierdie Belydenisskrif word genoem na die plek Nicéa (Klein-Asië) waar daar in die jaar 325 'n Sinode gehou is en waar die dwalings van Arius verwerp is. Die finale vorm is egter eers van 'n later datum, waarskynlik van die Sinode van Konstantinopel, 381 (NGB, art 9).

Die geloofsbelydenis van Nicéa is 'n herhaling van Athanasius en daarbenewens selfde kommentaar soos bo gelewer. Wat wel uitgewys moet word is: Nicéa sê: Ons glo aan een, heilige, algemene en apostoliese kerk. Vir die interessante erken die apostoliese kerke nie Christen kerke nie, maar tog gebruik julle hulle belydenis.

Nicéa sê ook : "Ons bely een doop tot vergifnis van die Wetsoortredings". Wat verkeerd is, want Johannes het dit duidelik gestel dat daar belydenis van oortredinge[sonde] moet wees, dit is nie te sê elkeen wat in die water gaan, wetsoortreding vry is nie, maar wel die innerlike skoonheid en geleentheid daar toe. Die doop is 'n simbool van bekering en nie vergewing van wetsoortreding nie. Ons kan mos nie iemand doop en vir hom sê dat sy "Wetsoortredings" van hom vergewe is nie!

Wat van indien julle 'n klein baba doop, het hy dan die Wette oortree om gewas te word [Voorvaderlike oortreding maak nie die baba 'n wetsoortreder nie] en indien hy groot gedoop is sal die doop nie [sondes] die Wette wat oortree was wegvat nie, maar slegs VADER in die hemele. Die man wat langsaan YAHUSHA gehang het, hy moes nie eers gedoop word het, voordat hy daardie geleentheid gekry het om in die Paradys in te gaan nie.

DIE HEIDELBERGSE KATEGISMUS

Inleiding

Die Heidelbergse Kategismus was in Heidelberg, op versoek van Frederik III, die Kroonprins van een van die invloedrykste provinsies in Duitsland, Palatinate, geskryf van 1559 tot 1576. Hierdie vroom Christen prins het die agt-en-twintigjarige Zacharius Ursinus, professor in teologie aan die Universiteit van Heidelberg, en Casper Olivianus, ses-en-twintig jaar oud en hofprediker, opdrag gegee om 'n kategismus (leerboek) op te stel om die jeug te onderrig en leiding aan predikers en onderwysers te gee.....

Jou enigste troos

Sondag 1

1 Vraag: Wat is jou enigste troos in lewe en in sterwe?

Antwoord: (g). Alles moet inderdaad tot my saligheid dien
Verkeerd, dit moet YAHUSHA wees.

Die Eerste Deel: Die ellende van die mens (Sondag 2-4)

Sondag 2

3 Vraag: Waaruit ken jy jou ellende?

Antwoord: Uit die wet van God (a).

Verkeerd, Deur die Wet kom die uitwysing van oortreding. M.a.w. Buite die Wet, nie daarin nie! Die antwoord moet wees, satan!

Vraag 7: Waar kom hierdie verdorwe natuur van mens dan

vandaan? Antwoord: Van die val en ongehoorsaamheid van ons eerste ouers, Adam en Eva, in die paradys

Verkeerd, deur satan. Hoe kon dit deur Adam of Eva gewees het wat nie kwaad geken het nie?

Vraag 22: Wat moet 'n Christen glo?

Antwoord: Alles wat in die evangelie aan ons beloof word (a) en wat die artikels van ons algemene en ongetwyfelde Christelike geloof ons in hoofsaak leer.

Verkeerd, 'n Ware Israeliet moet glo in dat YAHUSHA 'n VADER het en dat HY die SEUN van VADER is.

Vraag 29: Waarom word die Seun van God genoem: Jesus, wat Verlosser beteken?

Antwoord: Omdat Hy ons van al ons sondes verlos (a) en by niemand anders enige saligheid te soek of te kry is nie (b).

Verkeerd, SY NAAM is YAHUSHA [YHUH ons LOSSER] HY het ons die uitverkore Israeliete kom Los koop weg van satan en weg van die wêreld volke. HY word nie SEUN van VADER genoem nie, maar ook SEUN van David, SEUN van die mens en die SEUN van die ALLERHOOGSTE; Hoekom? Omrede HY HOMSELF vereenselwig met VADER as SY biologiese bloedlyn, waarvan HY ons "die uitverkore" ook die biologiese, as "broer" aanspreek, want in daardie Bloedlyn het HY gekom en ons Los kom koop as "BROER". Lev.25:25,26

Vraag 40: Waarom was dit noodsaaklik dat Christus Hom tot in die dood toe verneder het?

Antwoord: Weens die geregtigheid en waarheid van God (a) kon nie anders as deur die dood van die Seun van God vir ons sondes betaal word nie (b).

Verkeerd. Eerstens het HY HOM nie kom verneder nie, HY was dié NEDERIGE EEN. YAHUSHA het gesê: "elkeen wat hom verneder sal verhoog word". Dit sluit nie YAHUSHA in nie. Om af te kom na ons op aarde was nie vir YAHUSHA 'n vernedering nie, maar 'n voorreg om 'n opdrag van VADER te doen soos HY beveel het. Die antwoord op vraag 40 is NEE dit was nie noodsaaklik nie. Julle vra 'n verdraaide vraag. YHUH het ons nie nodig nie, maar die teenoorgestelde. Ons is bevoorreg om Los gekoop te kan wees in YAHUSHA se Bloed.

Vraag 44: Waarom volg daar: en neergedaal het na die hel?

Antwoord: Sodat ek in my swaarste aanvegtinge verseker kan wees en myself volkome kan vertrous dat my Here Jesus Christus my van die hel se benoudheid en pyn verlos het (a). Hierdie verlossing het Hy bewerk deur sy onuitspreeklike ang, smarte en verskrikking (b) wat Hy ook aan sy siel deur sy hele lewe, maar veral aan die kruis gely.het.

Verkeerd, eerstens het YAHUSHA na die doderyk gegaan en nie na die hel nie. Tweedens het HY gaan herstel wat satan misbruik het en hom uitgeskop uit die onderwêreld en na YAHUSHA se opvaring is satan uit die Hemel ook uitgewerp. Open.12:9-13

Ek gaan oor na vraag 83, want die verkeerdheid is stereotiep.

Vraag 83: Wat is die sleutels van die koninkryk van die hemel?

Antwoord: Die verkondiging van die heilige evangelie en die Christelike tug. Met albei hierdie handeling word die koninkryk van die hemel vir die gelowiges oopgesluit en vir die ongelowiges toegesluit.

Verkeerd, Die Koninkryk netwerk is vir ons gegee deur YAHUSHA wat in die laaste tyd vir ons openbaar gemaak word.

Orde in VADER se Koninkryk moet gesien en verstaan word, want YAHUSHA SY Gesalfde is gestuur om dit vir ons deur te gee.

Die sleutels tot die koninkryk is daar, maar dit is nie vir almal nie, want dit is 'n verborgenheid. Net die wat met begeerte na die Koninkryk van VADER soek, sal dit vind. As jy nie weer gebore word uit water en Gees nie, kan jy nie in die koninkryk van VADER ingaan nie. Daar moet in jou, 'n inkering (Wetsoortredings besef) plaasvind sodat bekering moontlik kan wees. Jy moet erken dat YAHUSHA die Seun van VADER is en dat Hy gekom het om te sterf vir ons wetsoortredinge. Dat VADER se Gees, YAHUSHA weer op die derde dag laat opstaan het, dat Hy opgevaar het en weer gaan kom na Sy Koninkryke.

Verstaan Hand. 8:12, 37 wat sê: Maar toe hulle Filippus geglo het, wat die evangelie aangaande die koninkryk van VADER en die Naam van YAHUSHA Sy Gesalfde verkondig het,...: 37 : As u glo met u hele hart, :... dat YAHUSHA dié Gesalfde die Seun van VADER is.

*YAHUSHA het vir Sy uitverkorenes "dié Koninkryk" daar gestel met 'n alternatiewe lewe, ja vir die huidige en die toekomstige. YAHUSHA leer ons in Sy heerskappy; nederigheid, sagtheid, vredeliewendheid, goedgunstigheit en liefdevolheid so ook vreesloosheid wat gevul is met onverskrokke heerskappy. Die evangelie van dié Koninkryk van VADER is 'n **Begeerlike – Verborgte – Skat***

Aan Abraham is geopenbaar in Gen. 15:12 toe YHUH hom in 'n diep slaap laat val het. Jakob op sy beurt, het gewet dat die verborgenheid weggeneem was, want in Gen.31:16 staan: al die rykdom wat YHUH van ons vaders weggeneem het, kom ons en ons kinders toe. M.a.w. die rykdom van verborgenhede. Min wetend het Jakob se kinders voort geploeter in oortredinge en verdwaal geraak oor baie jare. Met YAHUSHA se besoek op aarde het Hy verborge dinge kom openbaar en bekend kom stel aan Sy volk Israel. Oral in die Skrifte het YAHUSHA vir Sy kinders (Joh. 13:33) openbaring deurgee. In Mark. 4:11.

Opsommend wil ek vra: waar in die Skrifte staan dat die "Doop , Huwelik en die Dood" deur 'n geleerde of enige kerk uitgevoer moet word en Sakramente met Leerstellings daarstel asof dit so in die Skrifte staan, "wee julle" Matt:23:13; Luk.11:44;Open.2:14,15;

Sela. [bedink dit]